# Les 12 GELIEFDE KINDERS: ONS KAN NIE VIR GOD SPESIALE SPEELTYD IN ONS LEWE GEE NIE

## 1. Ons dien die Here altyd openlik

Verlede keer het ons gesien dat die vierde gebod sê ons moet die Here dien. Die wyse waarop ons die Here dien, is om te werk en te bid. Ons dien die Here deur ses dae goed te werk en alles te doen wat ons moet. Dan dien ons die Here deur een dag ’n week openlik saam met al die ander kinders van die Here, te aanbid. So leef ons elke week, elke maand en elke jaar ons hele lewe lank. Ons dien die Here altyd en orals.

## 2. Israel maak vir God spesiale tyd in hulle lewe

Die Israeliete wou nie die Here sewe dae van die week dien nie. Dit is hoekom hulle vir hulle ’n beeld van hulle eie god maak. Kyk hoeveel dae wil hulle hul god dien wat hulle vir hulleself maak:

*“4 Hy het dit van hulle ontvang, dit verwerk en daarvan ’n beeld in die vorm van ’n bulkalf gemaak. Toe sê die volk: “Hier is jou God wat jou uit Egipte bevry het, Israel!” 5 Toe Aäron dit hoor, het hy ’n altaar voor die beeld gebou en uitgeroep: “Môre is daar fees vir die Here!” 6 Vroeg die volgende môre het die volk brandoffers en maaltydoffers geoffer. Daarna het die volk begin feesvier en losbandig te kere gegaan.”* Eksodus 32

Hulle reël vir die god wat hulle gemaak het, een groot feesdag. Dit is ’n ander manier om te sê dat hulle vir hulle god ’n groot partytjie gereël het. Dit is amper soos ’n groot verjaarsdagpartytjie. Hoe lank is hierdie partytjie? Net een dag lank!

Kan julle sien hoe skelm is hulle? God sê dat hulle Hom elke dag moet dien deur al die gewone dinge te doen wat hulle vir Here moet doen – deur hulle gewone werk, en om net gewoonweg kerk toe te gaan elke Sondag. Hulle sê, nee, hulle wil God nie gewoonweg dien nie. Hulle wil God spesiaal dien. Hoeveel dae wil hulle God spesiaal dien? En dit is die vangplek – net één spesiale dag, en dan loop hulle weg en los hulle god daar waar hulle hom alleen laat staan – net soos die kalfie.

## 3. Nét spesiale tyd – is speel-speel-tyd

Wat wys dit vir ons as mense vir God spesiale speeltyd wil gee in hulle lewe?

Kom ons vergelyk dit met ouers en kinders! As ’n pa en ma ’n kind kry, hoeveel van hulle lewe is nou deel van hulle kind se lewe? Die antwoord is – hulle héle lewe! As hulle werk, dan werk hulle hard en goed omdat hulle vir hulle kinders geleenthede wil gee. As hulle klaar gewerk het, wil hulle gou by die huis kom om saam met hulle kinders te wees. Naweke wil hulle kyk hoe hulle kinders aan sport deelneem, en Sondae wil hulle saam met hulle kinders kerk toe gaan. As

hulle vakansie gaan hou, dan wil hulle dit saam met hulle kinders gaan hou. Hoekom wil hulle altyd saam met hulle kinders wees? Want hulle het hulle kinders lief! Liefde maak dat hulle altyd al die gewone dinge saam met hulle kinders wil doen. Kinders is altyd deel van ouers wat hulle liefhet, se hele lewe!

Maar dan kry jy speel-speel-ouers. Wanneer is ’n ouer ’n speel-speel-ouer? Dit werk só! Speel-speel-ouers wil ook kinders hê, maar hulle wil nog steeds hulle eie lewe leef, waarvan die kinders nie deel is nie. Hulle wil werk asof hulle nie kinders het om na toe terug te gaan nie. Hulle wil op hulle eie vakansies gaan, asof hulle nie kinders het wat saam kan gaan nie. Hulle wil nie saam met hulle kinders kerk toe gaan nie. Hulle wil nie al hierdie gewone dinge saam met hulle kinders doen nie.

Sulke speel-speel-ouers maak asof kinders sélf moet besluit, en asof hulle klaar groot is. Hulle maak asof hulle kinders sélf moet besluit of hulle kerk toe wil gaan, asof hulle kinders sélf moet besluit om hulle huiswerk te doen, en asof hulle kinders sélf kan besluit om sommer so sonder lisensies met motorfietse en karre rond te ry. Sulke ouers maak asof kinders self kan uitgaan, en self kan besluit wanneer en hoe hulle wil huis toe kom.

Hoekom maak hulle asof die kinders groot is? Want dan kan hulle alles sonder hulle kinders doen.

Speel-speel-ouers maak altyd vir hulle kinders spesiale speeltye. Hulle reël sommer die grootste en duurste partytjies vir hulle kinders, en laat hulle sommer soos grootmense partytjie hou. Hulle koop vir hulle kinders spesiale en duur speelgoed wat ander ouers nooit vir hulle kinders sal gee nie, en hulle reël dat hulle saam met hulle kinders duur vakansies gaan hou – vir ’n paar dae. Speel-speel-ouers wil altyd net met kinders speel.

Maar wat is die vangplek? Die vangplek is dat as hierdie kamstige spesiale speeltyd klaar is, dan is alles klaar en dan moet die kinders weer so self en alleen op hulle eie wees. Hierdie ouers wil nie die hele tyd en met alles, saam met hulle kinders wees nie.

Wat is speel-speel-ouers? Is hulle regte ouers? Nee. Hulle wil nie regte ouers wees wat hulle kinders liefhet nie. Hulle wil net met hulle kinders speel en as hulle klaar gespeel het, wil hulle sonder hulle kinders weer hulle eie lewe alleen gaan lewe.

Wat wys dit vir ons as mense met God groot en spesiale speeltye saam wil reël? Dit wys vir ons hulle wil nie elke dag van die week saam met God wees nie. Hulle hou nie daarvan om God elke dag te dien nie. Hulle wil net partykeer met God speel en as hulle klaar met God gespeel het, wil hulle al die ander dae weer net gaan maak wat hulle wil – sonder die Here.

**4. Israel se tyd saam met die Here – is speeltyd**

Kom ons lees weer die Bybel – dan kyk julle of die Israeliete al die tyd die Here wil dien, en of hulle net speeltyd met die Here wil hê*:*

*"[5] Toe Aäron dit hoor, het hy 'n altaar voor die beeld gebou en uitgeroep: "Môre is daar fees vir die Here!" [6] Vroeg die volgende môre het die volk brandoffers en maaltydoffers geoffer. Daarna het die volk begin feesvier en losbandig te kere gegaan."* Eksodus 32

Hulle sê hulle gaan 'n fees vir die Here hou! Dit beteken hulle wil vir die Here 'n partytjie hou. Kyk wat doen hulle op die partytjie: hulle bring vir die Here presente! Hulle wil God met brandoffers en maaltydoffers gelukkig maak. Hulle maak asof hulle vir God lekker kos na Sy tempel toe bring. En as hulle klaar God se presente vir Hom gegee het – dan begin hulle dans, eet en kuier met mekaar. Dan hou hulle eintlik maar net vir hulleself 'n lekker partytjie.

Hulle soek speeltyd saam met God! Hulle dink hulle kan gou-gou saam met God kom kuier en Hom met presente en 'n partytjie gelukkig maak. En dan is dit klaar – dan het God Sy spesiale tyd gehad. Dan gaan hulle vir die res van die week, die res van die maand of die res van die jaar, weer so speel-speel aan met hulle eie lewe.

Hulle wil nie regtig die Here elke dag dien omdat hulle Hom liefhet nie. Hulle soek net speeltyd saam met Hom, en dan is hulle weer klaar met Hom.

**5. Mense soek vandag ook net speeltyd met God in die kerk**

Mense doen dit ook nog steeds vandag – as hulle kerk toe gaan, dan moet dit spesiale speeltyd saam met God wees. Hulle kan nie maar elke Sondag net gewoonweg kerk toe gaan en die Here net gewoonweg eer en aanbid nie.

Hulle sal sê dat hulle net kerk toe gaan as hulle lus is, en 'n spesiale gevoel het om kerk toe te gaan. As hulle dan in die kerk kom, dan moet dit speeltyd met die Here wees. Hulle wil graag danse hou in die kerk: daarom moet daar dans tyd wees in die erediens. Hulle wil graag lekker musiek luister. Daarom moet die musiek "lekker" wees. Lekker musiek beteken dit moet musiek wees soos 'n mens elke dag lekker musiek maak. Hulle wil graag lag in die kerk. Die dominee moet grappies vertel en nie ernstig uit die Bybel lees en preek nie. Hulle wil graag handeklap vir God, net soos 'n mens vir iemand wat verjaar, handeklap. En dan wil hulle "lekker" sing. Alles wat hulle in die kerk doen, moet vir hulle lekker wees.

Hulle wil ook nie meer luister na die Here se Woord uit die Bybel nie. Hulle wil luister na mense se stories. Hulle wil video's kyk in die kerk en hulle wil sulke groot TV skerms hê waarop hulle vir hulleself kan kyk – net soos 'n mens op 'n partytjie video's maak en vir jouself kyk.

Hulle bid ook nie meer saam tot die Here nie. Elkeen wil sommer self hardop bid en skree as ander bid – net soos elkeen op ’n partytjie sommer orals rondhardloop en skree. Hulle kan ook nie meer stil voor die Here staan en vir die Here sê hoe lief hulle vir Hom is, of sommer net gewoonweg vir die Here dankie sê nie. Hulle moet die hele tyd rondbeweeg en tekere gaan – die dominee kan ook nie meer eerbiedig stil voor God staan nie. Hy wil met ’n mikrofoon rondhardloop en op almal skree.

Hierdie mense soek – speeltyd saam met God.

En dan gee hulle vir die Here presente: hulle maak asof hulle vir die Here hulle lewe gee, hulle kinders vir die Here gee, hulle geld vir die Here gee – asof niks van hierdie goed voor die tyd aan die Here behoort het nie.

**6. Spesiale speeltyd met God is net vir rukkies**

Hoe lank is speeltyd? Speeltyd is net ’n kort rukkie, en dan is dit alles net weer gewone tyd.

Wat doen mense wat net spesiale speeltyd met God soek? Hulle speel bietjie en dan wil hulle net weer op hulle eie aangaan en net doen wat hulle wil – sonder God. Want die lewe is vir hulle ook sommer maar net ’n speletjie. Toe die Israeliete klaar gespeel was by hulle kalfgod, toe loop hulle weg en los hom net daar. Toe gaan hulle weer met hulle eie lewe aan, sommer so asof dit ’n speletjie is – want ’n lewe sonder God is sommer maar net so-so. Dis sommer maar net speel-speel.

Dit is hoe mense maak wat met God net spesiale speeltyd soek – hulle wil God nie sewe dae lank aanmekaar dien hulle hele lewe lank nie. Hulle wil saam met God speel, en dan weer alleen speel op hulle eie – hulle hele lewe lank.

**7. Kerktyd en werktyd is nie ons speeltyd nie**

Is kerktyd speeltyd saam met God?

Nee – dis ons tyd om almal saam God te aanbid: ons sê vir Hom dankie vir alles wat Hy vir ons doen. Ons sê dankie nie om lekker te kry nie, maar omdat ons dankbaar is vir wat God vir ons doen. Ons luister saam na wat die Here sê – omdat ons wil hoor en doen wat Hy sê. Ons luister nie omdat God vir ons moet besighou met mooi en lekker stories nie. Ons vra God om ons te help om Hom lief te hê, en ons vra die Here om ons altyd te vergewe omdat Hy ons liefhet.

Die manier waarop ons dit doen – is met eerbied. Ons weet ons is by God en ons gedra ons soos mense hulle by God gedra. God is ons Here. Hy is nooit ons speelmaatjie nie.

Daarom gaan leef ons ook ses dae en doen wat ons regtig moet doen. Ons maak nie van ons lewe sommer net ’n speletjie nie. Ons lewe is werklik en is belangrik vir God. Daarom werk ons regtig en dien God.

En dit is altyd, die hele tyd!

God gee nie vir ons net spesiale speeltyd nie. God gee vir ons ons hele lewe en al ons tyd – en is altyd saam met ons. Want Hy is altyd en orals lief vir ons. Ons dien God altyd – een dag in die kerk, en ses dae met ons werk.

Regtig! Nie speel-speel nie.

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

________________________________

Handtekening: ouer of voog